# Word fiks vir 2008 by Tuks Studentegimnasiums

by Darryn van der Sandt

Posted on 18 Januarie 2008



*Tuks Studentegimnasium*

Die Studentegimnasiums op die Groenkloofkampus en die LC de Villiers sportgronde het die nuts toerusting, bekostigbare fooie en ervare personeel om aan al jou fiksheidsbehoeftes te voldoen.
Ons Eksklusiewe Lidsmaatskapopsie – R1 200 vir studente en R1 500 vir nie-studente – laat jou toe om die LC- en Groenkloof-fasiliteite te gebruik asook die gimnasium van die Sport Navorsingsinstituut (op die boonste vlak by LC) van 11vm tot 4nm, Maandae tot Vrydae. Alle klasse is verniet en kan van die studente rekening verhaal word. Die pakket sluit ook twee liggaamsassesserings, twee oefenprogramme, persoonlike afrigting deur Biokinetika studente, ʽn ses-maande inteken op Men's Health of Shape tydskrifte en een gim-handdoek of T-hemp (solank ons voorraad het) in.

Ons het ook steeds ons gewone Jaarlidmaatskap-opsie teen R900 vir studente en R1 100 vir nie-studente. Hierdie opsie sluit lidmaatskap aan of die LC of die Groenkloof gimnasiums in (afhangende waar die student aansluit). Alle klasse is gratis en daar is ook ʽn liggaamsassessering, oefenprogram, persoonlike afrigting deir Biokinetika studente, Men's Health of Shape tydskrifte maandeliks (vorige uitgawes), 30% afslag op vir ʽn jaar in te teken op Men's Health, asook ʽn gim-handdoek of T-hemp (indien daar voorraad is).

Ons ses maande (R450 vir studente en R550 vir nie-studente) en maandelikse (R110 vir studente en R140 vir nie-studente) lidmaatskapopsies is ook steeds beskikbaar.

ʽn Hele klomp aerobiese klasse word ook bygevoeg vanjaar en sluit joga, hip-hop dans en spin in. Daar is definitief iets vir almal. As gevolg van die groot aanvraag, sal ons ook in 2008 ekstra klasse aanbied in aerobiese oefeninge en hip-hop. Let daarop dat lede met ʽn ses maande of maandelike lidmaatskap R10 per ekstra klas betaal.

Ons doen alles in ons vermoë om ons basiese dienste te verbeter en beoordeel ons diens voortdurend om seker te maak dat die Tuks Studentegimnasium ervaring aan ons kliënte se behoeftes voldoen.

Vir meer besonderhede, besoek gerus ons webblad.